

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 1 HOFPROSEDURES

19 FEBRUARIE 2020

09:00-12:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 3 uur volg dan.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Kandidate hoef nie 'n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir 'n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

VRAAG 1**[9]**

U word geraadpleeg deur me. Emilia Adams. Sy deel u die volgende mee:

- Sy het vir 10 jaar 'n langtermyn monogame verhouding met 'n lewensmaat Peter Jansen, gehad;
- Uit hierdie verhouding is twee minderjarige kinders gebore;
- Me. Adams en mnr. Jansen het as man en vrou saamgewoon en hy het haar en die kinders vir die duur van die verhouding onderhou. Hy was die enigste broodwinnaar vir die gesin aangesien sy by ooreenkoms tussen hulle, nie gewerk het nie.
- Mnr. Jansen het twee maande gelede terwyl hy as passassier in 'n motorvoertuig vervoer is, in 'n motorbotsing gesterf.

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE MET VERWYSING NA BOVERMELDE FEITE

- 1.1 Mag me. Adams verlies van onderhoud vir haarself in haar persoonlike hoedanigheid eis? Gee redes vir u antwoord. (4)
- 1.2 Mag me. Adams verlies aan onderhoud vir die kinders eis en indien wel, vir welke tydperk? (3)
- 1.3 Aanvaar dat mnr Jansen nie 'n sitplekgordel gedra het nie en dus uit die voertuig geval het toe dit omgerol het met dodelike gevolge. Verduidelik of dit u antwoorde op 1.1 en 1.2 sal raak en indien wel, hoe? (2)

VRAAG 2**[9]**

U word geraadpleeg deur mnr. Jones wat van sy motorfiets afgestamp is deur 'n motorvoertuig wat regs voor hom ingedraai het. Mnr. Jones het nooit 'n lisensie om 'n motorfiets te bestuur, bekom nie. Hy gee u opdrag om vir a) persoonlike beserings wat in die botsing opgedoen is, en b) die waarde van sy motorfiets, wat as gevolg van die skade in die botsing afgeskryf is, te eis.

- 2.1 Welke skadevergoeding (indien enige) kan mnr. Jones van die Padongelukfonds verhaal? Gee redes vir u antwoord. (4)
- 2.2 Kan mnr. Jones skadevergoeding wat nie deur die Padongelukfondswet 56 van 1996 (soos gewysig) gedek word nie, verhaal? Indien wel, van wie? (3)
- 2.3 Watter uitwerking (indien enige) het die feit dat mnr. Jones nie 'n bestuurslisensie vir 'n motorfiets het nie, op sy moontlike eise? (2)

VRAAG 3**[3]**

U moet die mate van nalatigheid wat bewys moet word ten aansien van 'n passassier eis en 'n bestuurder se eis, van mekaar onderskei.

VRAAG 4**[4]**

Wat is die vier nie-aftrekbare kollaterale voordele?

VRAAG 5**[12]**

Sit die prosedurele stappe uiteen wat u in die Landdroshof en Hoë Hof sou doen vir 'n appél na die Hoë Hof teen 'n uitspraak van 'n Landdros in 'n siviele geding en wel tot by (en insluitend) die Kennisgewing van Plasing in die Hoë Hof.

VRAAG 6**[13]**

U word geraadpleeg deur Jennifer Jones wat sake doen as Easysell Estate Agents te Houghton Centre, Houghton, Johannesburg. Sy deel u mee dat sy in Januarie 2019 mondelinge opdrag van John Smith gekry het om Smith se vaste eiendom geleë te Blackstraat 12, Houghton Estate, Johannesburg vir 'n bedrag van R20 miljoen te bemark en verkoop.

Hulle het ooreengekom dat as die mandaat suksesvol uitgevoer word agente-kommissie van 10% van die koopprys plus BTW betaal moes word. Jones deel u mee dat sy die eiendom aan ene Charles Green getoon het. Sy vind nou uit dat Green die eiendom kragtens 'n skriftelike koopkontrak (waartoe sy nie 'n party was nie) van Smith gekoop het. Sy het 'n aanmaning gestuur aan Smith wat intussen na Weststraat 12, Durban, KwaZulu-Natal verhuis het. Smith deel u kliënt mee dat Green aan hom gesê het dat hy by 'n kollega gehoor het dat die eiendom in die mark was en dat geen eiendomsagent betrokke was nie.

6.1 Sou u kliënt wat binne gemeenskap van goedere getroud is, haar eggenoot se toestemming benodig om te dagvaar? Gee kortliks die redes vir u antwoord met verwysing na die algemene reël en die uitsonderings daarop. (3)

6.2 Stel die Besonderhede van Vordering op. Verskaf die kopstuk om aan te dui in welke afdeling van die Hoë Hof u aksie instel. (10)

VRAAG 7**[4]**

7.1 Welke twee omstandighede moet 'n beskuldigde kragtens Artikel 60 (11B) van die Strafproseswet aan die Hof openbaar tydens 'n borgaansoek? (2)

7.2 Wat is die moontlike gevolge as 'n beskuldigde doelbewus versuim om dit te openbaar? (2)

VRAAG 8**[5]**

U kliënt mnr. Zuba word aangekla van strafbare manslag. Die Staat beweer dat hy 'n motorvoertuig bestuur het wat op 10 Julie 2018 in Mountweg, Port Elizabeth in 'n botsing met 'n voetganger betrokke was. Die Staat beweer dat mnr. Zuba die persoon wat die straat by 'n voetgangeroorgang oorgesteek het, omgery het en aldus sy dood veroorsaak het. Hoewel u kliënt teenoor u erken dat hy die voertuig wat met die voetganger gebots het, bestuur het, blyk dit uit die verklarings van die staatsgetuies dat die Staat nie die saak teen u kliënt sal kan bewys nie.

- 8.1 Mag u die kliënt adviseer om onskuldig te pleit? (1)
- 8.2 As u kliënt onskuldig pleit welke etiese beginsels geld? (1)
- 8.3 Hoe sal u optree as die Staat op verhoor getuienis aanbied dat dit inderdaad u kliënt was wat die motor bestuur het wat met die voetganger gebots het? (3)

VRAAG 9

[16]

- 9.1 U kliënt, John Smith, is die bestuurder van 'n motorvoertuig in De Jongheweg in Pretoria. Hy versuim om stil te hou by 'n stopstraat en gaan die kruising binne wat 'n botsing met 'n ander voertuig veroorsaak wat lei tot die dood van die ander bestuurder. Die botsing vind plaas om 3 v.m. toe die verkeersvloei baie lig was. Hy pleit skuldig en word skuldig bevind aan strafbare manslag. Die Streekslanddroos vonnis hom tot 12 jaar gevangenisstraf. Hy is 40 jaar oud, is 'n eerste oortreder, is getroud en onderhou sy vrou en vier skoolgaande kinders. Hy is ook alleen-eienaar van 'n onderneming wat vyf persone in diens het. Hy is 'n diaken in sy kerk en lid van 'n liefdadigheidsorganisasie wat met kinders werk.
- Stel die Kennisgewing van Appél teen die vonnis op, op die basis dat die verhoorhof reeds verlov tot appél toegestaan het. Verwys na die verskillende alternatiewe vonnisse wat die hof kon opgelê het. (Verskaf die kopstuk en afsluiting). (12)
- 9.2 Welke ander dokument moet die kennisgewing van appél vergesel? (1)
- 9.3 Binne welke tydperk na datum van vonnis moet die aansoek om verlov tot appél gebring word? (1)
- 9.4 Welke prosedure sal u volg as die tydperk genoem in 9.3 reeds verstryk het en welke dokumente word vereis? (2)

VRAAG 10

[3]

U kliënt XYZ Bank het 'n leningsooreenkoms vir R70 000 met mnr. Smith aangegaan. Mnr. Smith verstrek sy *domicilium citandi et executandi* (adres vir betekening) as Vereeniging en het toegestem dat enige geskil in die Landdroshof van Vereeniging aangehoor word. Hy woon nou in Johannesburg. Mnr. Smith versuim met betaling. Waar moet dagvaarding uitgereik word. Verstrek die rede.

VRAAG 11

[2]

'n Motorbotsing vind plaas tussen voertuie bestuur deur mnr. Xaba en mnr. Alberts. Mnr. Xaba het ten tye van die botsing sy voertuig bestuur in die uitvoer van sy pligte namens sy werkgewer. Mnr. Xaba is in diens van ABC (Edms) Bpk. ABC (Edms) Bpk is die eienaar van die voertuig. U kliënt se weergawe is dat mnr. Alberts se nalatigheid die enigste oorsaak van die botsing was. U kliënt ABC (Edms) Bpk verlang dat u dagvaar vir sy skade van R20 000. Wie is die eiser?

VRAAG 12**[9]**

U kliënt XYZ (Edms) Bpk sluit 'n leningsooreenkoms met mnr. Smith vir R70 000 en rente op die R70 000 vanaf 1 Julie 2019. Dit is 'n kredietooreenkoms kragtens die Nasionale Kredietwet. Mnr. Smith is in versuim. U kliënt wat 'n geregistreerde kredietverskaffer is, gee u opdrag om te dagvaar. Wat is u eerste stap? Stel die toepaslike kennisgewing op.

VRAAG 13**[4]**

Welke dagvaarding sal u in die Landdroshof gebruik wanneer u kliënt:

- a. Dagvaar vir agterstallige huurgeld en wil verseker dat die bates wat die huurder gedurende die huurtermyn op die huurperseel gebring het, nie van die perseel verwyder word nie? (1)
- b. Dagvaar teen verweerder vir deliktuele skadevergoeding? (1)
- c. Kontant in sy besit het waarop drie persone strydige aansprake maak? (1)
- d. 'n Eis op 'n likiede dokument het en betaling van die verskuldigde bedrag wil verkry voordat die verweerder/skuldenaar toegelaat word om die aksie te verdedig? (1)

VRAAG 14**[7]**

Die eiser, 'n private maatskappy het u kliënt gedagvaar in 'n Streekslanddroshof wat nie jurisdiksie oor u kliënt het nie. U kliënt ontken dat die bedrag betaalbaar is. U het 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig afgelewer. Stel die pleitstuk op wat u kliënt se reaksie uiteensit. Sluit die kopstuk van die pleitstuk in.

- DIE EINDE -
